- (1) Any person who continues to commit an offence after notice has been served on him or fails to cease committing such offence after he has been convicted of such offence, is guilty of a continuing offence.
- (2) Any person who–

- (a) contravenes any of the provisions of this By-law, condition or restriction or fails to comply therewith; or
 - (b) contravenes or fails to comply with any order made hereunder or any notice served in connection herewith; or
 - (c) furnishes a false statement, or give false or misleading information knowing it to be false or misleading; is guilty of an offence and liable to a—
 - (i) fine or imprisonment, or to both such fine and such imprisonment and;
 - (ii) in the case of a continuing offence, to an additional fine or an additional period of imprisonment for each day on which such offence is continued and;
 - (iii) a further amount equal to any cost and expenses found by the court to have been incurred by the municipality as result of such contravention or failure.
- (3) In addition to imposing a fine or imprisonment, a court may order any person convicted of an offence under this By-law—
- (a) to remedy the harm caused;
 - (b) to pay damages for harm caused to another person or to property, which order shall have the force and effect of a civil judgment; and
 - (c) to install and operate at the person's own expense emission measuring equipment referred to in section 16.
- (4) In addition to any other penalty the court may impose, it may order a person convicted of an offence under this By-law to take such steps the court considers necessary within a period determined by the court in order to prevent a recurrence of the offense.

CHAPTER IX

GENERAL MATTERS

24. Compliance Monitoring

- (1) For the purposes of compliance monitoring, the designated environmental management inspectors must exercise the powers as set out in sections 31G to 31L of the NEMA.
- (2) The authorized person / environmental management inspectors may request from any polluter that significantly contributes or is likely to contribute to poor air quality, ambient and point or non-point source monitoring and any other air quality related study, programs or reports to be conducted by a recognised and competent third party, at the cost of the polluter.

25. Enforcement

- (1) The authorised person must take all lawful, necessary and reasonable practicable measures to enforce the provisions of this By-law.
- (2) The West Coast District Municipality may develop enforcement procedures which should take into consideration any national or provincial enforcement procedures.
- (3) The Municipality may, in any case where it seems that any action or neglect by any person or owner of property may lead to a contravention of the provisions of

this By-law, give notice in writing to such person or owner of property to comply with such requirements as the Municipality may deem necessary to prevent the occurrence or repetition of such contravention.

26. Recognition programmes

- (1) An Air Quality Officer may establish a programme for the public recognition of significant achievements in the area of pollution prevention.

27. Co-operation between municipalities

- (1) In an effort to achieve optimal service delivery in terms of this By-law, the Council may enter into any written agreement with any person, organ of state or organization with which legislative and executive powers are shared, in respect of the following—
 - (a) the practical arrangements with regard to the execution of the provisions of this By-law;
 - (b) the recovery of costs and expenses related to any action in terms of this By-law;
 - (c) any other matter regarded necessary by the parties to achieve optimal service delivery in terms of this By-law.
- (2) The Municipality must monitor the effectiveness of any agreement entered into in terms of sub-section (1), in achieving the purposes for which it was entered into and may cancel the agreement after giving reasonable notice to the other party if the Municipality has reason to believe that the agreement is not effective, or is inhibiting the attainment of the purpose of this By-law.

28. Appeals

- (1) Any person may appeal against a decision taken by an authorised person under this By-law by giving a written notice of the appeal in accordance with the provisions of section 62 of the Systems Act.

29. Exemptions

- (1) Any person may, in writing, apply for exemption from the application of a provision of this By-law to the Municipality.
- (2) An application in terms of subsection (1) must be accompanied by substantive reasons.
- (3) The Municipality may require an applicant applying for exemption to take appropriate steps to bring the application to the attention of relevant interested and affected persons and the public.
- (4) The steps contemplated in subsection (3) may include the publication of a notice in at least two newspapers, one circulating provincially and one circulating within the jurisdiction of the West Coast District Municipality.
 - (a) giving reasons for the application; and
 - (b) containing such other particulars concerning the application as the Air Quality Officer may require.
- (5) The Municipality may—

- (a) from time to time review any exemption granted in terms of this section, and may impose such conditions as it may determine; and
 - (b) on good grounds withdraw any exemption.
- (6) The Municipality may not grant an exemption under subsection (1):
 - (a) until reasonable measures has been taken to ensure that all persons whose rights may be significantly detrimentally affected by the granting of the exemption, including adjacent land owners or occupiers, are aware of the application for exemption and how to obtain a copy of it;
 - (b) until such persons have been provided with a reasonable opportunity to object to the application; and
 - (c) until the municipality has duly considered and taken into account any objections raised.

30. Policy

- (1) The Municipality may adopt and implement in a policy document measures for the regulation of Air Quality, and activities and to provide for incidental matters.
- (2) The application of the provisions of the policy may be limited to a specific area/or any categories of premises or activities and may permit deviation and exemptions from, and the relaxation of, any such provisions on reasonable grounds.
- (3) Any person contravening the provision of the Policy or furnish false or misleading information, is guilty of an offence, and on conviction liable to a fine or imprisonment, or both such fine and imprisonment.
- (4) The Policy must be made public and conveyed to the community in terms of section 21 of the Systems Act.

31. Indemnity

- (1) The West Coast District Municipality shall not be liable for any damage caused to any property or premises by any action or omission of the employees or officials of the West Coast District Municipality when exercising any function or performing any duty in terms of this By-law, provided that such employees or officials must, when exercising such function or performing such duty, take reasonable steps to prevent any damage to such property or premises.

32. Repeal and savings

- (1) Anything done or deemed to have been done under any other law remains valid to the extent that it is consistent with this By-law, or until anything done under this By-law overrides it.

33. Short title

- (1) This By-law is called the West District Municipality: Air Quality Management By-law, 2011, and shall come into operation on the date of publication thereof in the Provincial Gazette, with exclusion of section 14, which will come into operation on a date decided by Council.

WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT

VERORDENING OP LUG GEHALTEBESTUUR

Om te voorsien vir die bestuur van luggehalte en verwante aangeleenthede:

INLEIDING

Die Raad van die Weskus Distriksmunisipaliteit (WDM) het ingevolge Artikel 156(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 saamgelees met Artikel 13(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet nr. 32 van 2000), en Artikel 11(1) van die Nasionale Omgewingsbestuur: Luggehaltewet, 2004, (Wet nr. 39 van 2004), die Verordening op Luggehaltebestuur hieronder uitgevaardig-

EN AANGESIEN die Weskus Distriksmunisipaliteit daarna streef om te verseker dat die luggehalte en lugbesoedeling binne die regsgebied van die Weskus Distriksmunisipaliteit bestuur en beheer word, en om te verseker dat lugbesoedeling verhoed word of, waar dit ten ene male nie verhoed kan word nie, te beperk en die impak te versag.

EN NOU DERHALWE, WORD DIT SOOS VOLG VOORGESKRYF deur die Raad van die Weskus Distriksmunisipaliteit:-

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK I

DEFINISIES EN FUNDAMENTELE BEGINSELS

1. Definisies
2. Toepassing van hierdie verordening
3. Doelwitte
4. Administrasie en uitvoering
5. Munisipaliteit se reg van toegang tot persele
6. Heffing van tariewe
7. Konflik met ander verordeninge

HOOFSTUK II

PLIG TOT SORG

8. Redelike maatreëls om lugbesoedeling te voorkom

HOOFSTUK III

AANWYSING VAN LUGGEHALTEBEAMPTES EN OMGEWINGSBESTUURSINSPEKTEURS

9. Aanwysing van die Luggehaltebeampte en Omgewingsbestuursinspekteurs
10. Pligte en funksies van die Luggehaltebeampte en Omgewingsbestuursinspekteurs

HOOFSTUK IV

PLAASLIKE VRYSTELLINGSTANDAARDE: NORME EN STANDAARDE

Deel 1: Plaaslike vrystellingstandaarde

11. Wetlike mandaat

Deel 2: Norme en standaarde

12. Identifiseringsproses van stowwe
13. Publikasie van plaaslike vrystellingstandaarde

HOOFSTUK V

GEKONTROLEERDE VRYSTELLERS

14. Installasie van gekontroleerde vrystellers
15. Werking van gekontroleerde vrystellers
16. Monitering en toetsing
17. Stofvrystellings van gelyste aktiwiteite en gekontroleerde vrystellers

HOOFSTUK VI

VRYSTELLINGS WAT LEI TOT ONAANGENAME REUKE

18. Verbod op vrystellings wat lei tot onaangename reuke
19. Kennisgewing van vermindering

HOOFSTUK VII

LISENSIËRING VAN GELYTE AKTIWITEITE

20. Daarstelling van 'n Atmosferiese Vrystellingslisensiëringstelsel
21. Aansoek om Lisensie vir Atmosferiese Vrystellings
22. Appélproses vir Lisensie om Atmosferiese Vrystellings

HOOFSTUK VIII

OORTREDINGS EN BOETES

23. Oortredings en boetes

HOOFSTUK IX

ALGEMENE SAKE

24. Nakomingmonitering
25. Toepassing
26. Erkenningsprogramme

27. **Samewerking tussen munisipaliteite**
28. **App lle**
29. **Vrystellings**
30. **Beleid**
31. **Vrywaring**
32. **Herroeping en uitsonderingsbepalings**
33. **Kort titel**

HOOFSTUK I

DEFINISIES EN FUNDAMENTELE BEGINSELS

Definisies

1. In hierdie Verordening, tensy dit in die konteks iets anders impliseer, beteken -

“nadelige effek” enige werklike of potensi le impak op die omgewing wat die omgewing, of enige aspek daarvan, benadeel of sal benadeel tot ‘n mate wat as meer as onbeduidend of gering beskou kan word;

“lugbesoedelende stof” sluit in stof, rook, dampe en gas wat lugbesoedeling veroorsaak of mag veroorsaak;

“lugbesoedeling” beteken enige verandering in die omgewing veroorsaak deur enige stof van enige aktiwiteit wat in die atmosfeer vrygestel word, waar voormelde verandering ‘n nadelige effek op menslike gesondheid of welstand of op die samestelling, veerkragtigheid en produktiwiteit van natuurlike of bestuurde ekosisteme het, of sodanige effek in die toekoms sal h ;

“wet op luggehalte” beteken die Nasionale Omgewingsbestuur: Luggehaltewet, 2004 (Wet nr. 39 van 2004);

“luggehaltebestuursplan” beteken die Luggehaltebestuursplan waarna verwys word in afdeling 15 van die Wet op Luggehalte;

“luggehaltebeampte” beteken die Luggehaltebeampte as sodanig aangewys in terme van Artikel 14(3) van die Wet op Luggehalte;

“omringende lug” beteken **“omringende lug”** soos gedefinie r in Artikel 1 van die Wet op Luggehalte;

“atmosfeer” beteken die lug wat nie deur ‘n gebou, masjien, skoorsteen of ander soortgelyke struktuur omsluit word nie;

“atmosferiese vrystelling” of **“vrystelling”** beteken enige vrystelling of meeslepingsproses uit ‘n punt, nie-punt of mobiele bron wat lugbesoedeling tot gevolg het;

“gemagtigde persoon” beteken enige werknemer van die Weskus Distriksmunisipaliteit, deur die Raad gedelegeer, om enige bepaling van hierdie Verordening toe te pas;

“beste uitvoerbare omgewingsopsie” beteken die opsie wat die grootste voordeel inhou, of wat die minste skade aan die omgewing as ‘n geheel tot gevolg het, teen ‘n koste aanvaarbaar vir die samelewing op die langtermyn sowel as die korttermyn;

“gekontroleerde vrysteller” beteken enige toestel of aktiwiteit wat as ‘n gekontroleerde vrysteller verklaar word in terme van Artikel 23 van die Nasionale Omgewingsbestuur: Wet op Luggehalte, 2004 (Wet nr. 39 van 2004);

“raad” beteken die Raad van die Weskus Distriksmunisipaliteit of enige van die ander politieke strukture, politieke ampsdraers, raadslede of werknemers van Weskus Distriksmunisipaliteit wat behoorlik daartoe gemagtig is deur delegasie;

“omgewingsbestuursinspekteur” beteken ‘n Omgewingsbestuurs-inspekteur soos na verwys in Artikel 9(2);

“omgewing” beteken die milieu waarin mense leef en wat bestaan uit-

- (a) die grond, water en atmosfeer van die aarde;
- (b) mikro-organismes, plant- en dierelewe;
- (c) enige deel of kombinasie van (a) en (b) en die interverwante verhoudinge onderling en tussen hulle; en
- (d) die fisiese, chemiese, estetiese en kulturele eienskappe en voorwaardes van die voorgaande wat die menslike gesondheid en welstand beïnvloed.

“gelyste aktiwiteit” beteken ‘n lys van aktiwiteite wat oorweeg word in Artikel 21(1)(a) van die Wet op Luggehalte;

“munisipaliteit” beteken die Weskus Distriksmunisipaliteit soos daargestel deur Provinsiale Kennisgewing Nr. 479 van 2000 in terme van afdeling 12 van die Plaaslike Regering Munisipale Strukturewet, 1998 (Wet Nr. 117 van 1998) en sluit personeel van die Weskus Distriksmunisipaliteit behoorlik gemagtig deur delegasie in;

“steurnis” beteken enige lugbesoedeling wat ‘n onredelike of moontlike inbreuk maak op –

- (a) die gesondheid of welstand van enige persoon of lewende organisme;
- of
- (b) die gebruik en plesier van ‘n eienaar of bewoner van sy of haar eiendom of omgewing;

“onaangename reuk” beteken enige reuk wat beskou word as onwelriekend of ‘n steuring vir ‘n redelike persoon;

“operateur” beteken ‘n persoon wat ‘n gelyste aktiwiteit en/of gekontroleerde vrysteller besit of bestuur, of wie ‘n bewerking of proses wat lugbesoedelende stowwe vrystel, kontroleer;

“persoon” beteken ‘n natuurlike persoon of ‘n regspersoon;

“persele” sluit in-

- (a) enige gebou of ander struktuur van enige gelyste aktiwiteit en/of gekontroleerde vrysteller;
- (b) enige aangrensende grond bewoon of gebruik met betrekking tot enige gelyste aktiwiteit en/of gekontroleerde vrysteller in daardie gebou of struktuur;
- (c) enige oop grond van enige gelyste aktiwiteit en/of gekontroleerde vrysteller;

- (d) enige lokomotief, skip, boot of enige ander vaartuig wat bedryf word in die gebied van enige hawe van enige gelyste aktiwiteit en/of gekontroleerde vrysteller binne die area van die regsgebied van die Weskus Distriksmunisipaliteit;

“prosesseringsfooi” beteken ‘n fooi betaalbaar by indiening van ‘n aansoek vir ‘n lisensie vir atmosferiese vrystellings soos van tyd tot tyd deur die lisensieowerheid bepaal word.

“provinsie” beteken die Provinsie van die Wes-Kaap;

“rook” beteken die gasse, materie-deeltjies en produkte van verbranding wat in die atmosfeer vrygestel word wanneer materiaal verbrand word of onderwerp word aan hitte, en sluit in roet, gruis, en gruis-partikels wat in rook vrygestel word;

“spesialis-studie” beteken enige wetenskaplikgebaseerde studie wat verband hou met luggehalte en wat uitgevoer word deur ‘n kenner of erkende spesialis met toepaslike kwalifikasies en bevoegdheid in die dissipline van luggehaltebestuur;

“strukturewet” beteken die Plaaslike Regering Munisipale Strukturewet, 1998 (Wet nr. 117 van 1998);

“stelselwet” beteken die Plaaslike Regering Munisipale Stelselwet, 2000 (Wet nr. 32 van 2000);

“die NOBW” beteken die Nasionale Omgewingsbestuurswet, 1998 (Wet nr. 107 van 1998).

2. Toepassing van hierdie Verordening

- (1) Hierdie Verordening is van toepassing op alle eiendomme of persele vanwaar gelyste aktiwiteite en gekontroleerde vrystellers, geïdentifiseer in terme van Artikels 21 en 23 van die Wet op Luggehalte, bedryf word binne die regsgebied van die Weskus Distriksmunisipaliteit, wat die vyf plaaslike munisipaliteite insluit.
- (2) Die bepalinge van hierdie Verordening vervang nie die nodigheid aan enige ander permit, toestemming of magtiging wat volgens enige ander statutêre wette, verordeninge of regulerende dokumente vereis word nie.

3. Doelwitte

- (1) Die doelwitte van hierdie Verordening is om:
- (a) uitvoering te gee aan die reg vervat in Artikel 24 van die Grondwet deur lugbesoedeling binne die area van die Munisipaliteit se regsgebied te reguleer op ‘n samewerkende wyse tussen die Distriks- en Plaaslike Munisipaliteite, met inagneming van die onderskeie luggehaltebestuursplanne;
 - (b) in samewerking met enige ander toepaslike wet, ‘n effektiewe wetlike en administratiewe raamwerk te voorsien waarbinne die Raad aktiwiteite wat die potensiaal het om ‘n negatiewe invloed op die omgewing, openbare gesondheid en welstand kan hê, te bestuur en reguleer; en
 - (c) te verseker dat lugbesoedeling vermy word, of waar dit nie in sy geheel vermy kan word nie, dit te beperk of die impak te versag.

- (2) Enige persoon wat 'n mag uitoefen onder hierdie Verordening moet sodanige mag uitoefen om uitvoering te gee aan die doelwitte soos uiteengesit in sub- artikel (1) hierbo.

4. Administrasie en toepassing

- (1) Die Raad is verantwoordelik vir die administrasie en toepassing van hierdie Verordening. Die Raad mag enige magte in terme van hierdie Verordening, delegeer aan enige beampte.

5. Munisipaliteit se reg tot toegang op persele

- (1) Die Munisipaliteit sal toegang hê tot of oor enige perseel vir die doel -
- (a) om enigiets te doen wat behoorlik gemagtig is of nodig geag word om gedoen te word deur die Munisipaliteit onder hierdie Verordening of die Wet op Luggehalte, 2004 (Wet nr. 39 van 2004) of enige ander wet wat luggehalte-aangeleenthede reguleer;
 - (b) om atmosferiese vrystellings of enigiets wat daarmee verband hou, te inspekteer en ondersoek;
 - (c) om navraag te doen oor of ondersoek in te stel rondom moontlike bronne van atmosferiese vrystellings of die geskiktheid van vaste eiendom vir enige werk, skema of onderneming wat atmosferiese vrystellings tot gevolg sal hê;
 - (d) om vas te stel of daar 'n oortreding van die bepalings van hierdie Verordening of die Wet op Luggehalte, 2004 (Wet nr. 39 van 2004) is of was; en
 - (e) om onderworpenheid aan die bepalings van hierdie Verordening of die Wet op Luggehalte, 2004 (Wet nr. 39 van 2004) af te dwing.
- (2) Die Munisipaliteit mag by wyse van geskrewe, e-pos, telefoniese of verbale kennisgewing wat op die eienaar of bewoner van enige perseel beteken word, van sodanige eienaar of bewoner verwag om op die dag en op die uur gespesifiseer in sodanige kennisgewing, toegang tot sodanige persele aan 'n gemagtigde persoon te verleen en vir die doel van soos verwys na in sub-artikel (1).
- (3) Die Munisipaliteit mag toegang tot of oor enige eiendom verkry sonder enige kennisgewing en mag enige stappe neem of aksies toepas wat, in sy opinie, nodig of wenslik mag wees as gevolg van die bestaan of die voorkoms van enige noodgeval of ramp, of vir die doel van sub-artikel (1)(d).

6. Heffing van tariewe

- (1) Die Munisipaliteit mag fooie, kostes of tariewe hef of verhaal vir enige toestemming verleen in terme van hierdie Verordening, of tariewe implementeer soos voorgeskryf deur die Wet op Luggehalte en mag die deposito van 'n bedrag geld benodig as sekuriteit vir skade, herstel, verlies of ander kostes vereis.

7. Konflik met ander Verordeninge

- (1) In geval van enige konflik tussen hierdie Verordening en enige ander Verordening of enige beleid wat lugbesoedeling binne die area van die regsgebied van die Weskus

Distriksmunisipaliteit beheer, sal die bepalings van hierdie Verordening geld, tensy dit uitsluitlik 'n mag of funksie van 'n plaaslike munisipaliteit is.

HOOFSTUK II

PLIG TOT SORG

8. Redelike stappe om lugbesoedeling te voorkom

- (1) Enige persoon wat ten volle of gedeeltelik vir die ontstaan van lugbesoedeling of die skep van 'n lugbesoedelingsgevaar verantwoordelik is, moet alle redelike stappe neem, insluitende die beste uitvoerbare omgewingsopsie-
 - (a) om die voorkoms van enige potensiële beduidende lugbesoedeling te voorkom; en
 - (b) om enige beduidende lugbesoedeling wat voorgekom het, te verminder, en sover as redelik moontlik, te herstel
- (2) Die Munisipaliteit mag enige persoon wat nalaat om die vereiste stappe wat onder sub-artikel (1) vereis word, te neem, gelas om-
 - (a) te begin om spesifieke redelike stappe voor 'n gegewe datum te implementeer;
 - (b) met sodanige stappe te vol te hou; en
 - (c) dit teen 'n redelike datum soos gespesifiseer te voltooi, op voorwaarde dat die Munisipaliteit sodanige persoon genoegsame kennis moet gee alvorens die persoon gelas word, dat sodanige persoon die gemagtigde persoon van sy of haar belange moet inlig, en dat die gemagtigde persoon met enige ander instelling van die staat mag konsulteer.
- (3) Die Munisipaliteit mag, indien so 'n persoon nalaat om te voldoen of ontoereikend voldoen aan die riglyn wat in sub-artikel (2) uiteengesit word, redelike stappe neem om die situasie te herstel.
- (4) Die Munisipaliteit mag, indien so 'n persoon nalaat om die stappe waarna verwys word in sub-artikel (1) uit te voer, alle redelike kostes wat aangegaan is as gevolg van hom of haar wat gehandel het onder sub-artikel (3), verhaal van enige of almal van die volgende persone:
 - (a) enige persoon wat verantwoordelik is of was, of wie indirek bygedra het tot die lugbesoedeling of potensiële lugbesoedeling;
 - (b) die eienaar van die grond ten tye van die plaasvinding van die lugbesoedeling of die potensiële lugbesoedeling;
 - (c) die persoon in beheer van die grond of enige persoon wat die reg het of gehad het om die grond te gebruik toe die —
 - (i) aktiwiteit of die proses wat ondersoek word, uitgevoer of onderneem is; of
 - (ii) die situasie plaasgevind het; of
 - (d) enige persoon wat op nalatige wyse versuim het om te voorkom dat die—
 - (i) aktiwiteit of proses uitgevoer of onderneem is; of
 - (ii) dat die situasie ontstaan het.
- (5) Geen persoon mag:

- (a) onregmatig of intensioneel of op nalatige wyse enige daad of versuim pleeg wat lugbesoedeling veroorsaak of waarskynlik lugbesoedeling sal veroorsaak; of
 - (b) weier om te voldoen aan 'n bepaling wat onder hierdie artikel uitgereik is nie.
- (6) Enige persoon wat nalaat om te voldoen aan sub-artikel (5) pleeg 'n misdryf.
- (7) Indien meer as een persoon aanspreeklik is onder sub-artikel (4), mag die aanspreeklikheid tussen die betrokke persone verdeel word tot die mate waartoe elke persoon verantwoordelik was vir die skade wat aan die omgewing aangerig is as gevolg van albei partye se versuim om die stappe te neem wat vereis word onder sub-artikel (1) en (2).

HOOFSTUK III

AANWYSING VAN LUGGEHALTEBEAMPTTE EN OMGEWINGSBESTUURSINSPEKTEURS

9. Aanwysing van die luggehaltebeampte en omgewingsbestuurs-inspekteurs

- (1) Die Raad moet 'n werknemer van die Weskus Distriksmunisipaliteit aanwys as die Luggehaltebeampte wat verantwoordelik sal wees vir die koördinerende van sake wat verband hou met die bestuur van luggehalte in die Weskus Distriksmunisipaliteit.
- (2) Die Raad mag die Lid van die Uitvoerende Raad, verantwoordelik vir Omgewingsake in die Provinsie, versoek om Omgewingsbestuursinspekteurs aan te wys in terme van Artikel 31(C) van die NOBW.

10. Pligte en funksies van die Luggehaltebeampte en die Omgewingsbestuurs-inspekteur

- (1) Die Luggehaltebeampte moet –
 - (a) die ontwikkeling van die Luggehaltebestuursplan, vir insluiting in die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan van die Weskus Distriksmunisipaliteit, in ooreenstemming met Hoofstuk 5 van die Stelselwet, koördineer;
 - (b) 'n jaarverslag rakende luggehalte vir die Weskus Distriksmunisipaliteit voorberei;
 - (c) die pligte en magte aan hom of haar toegewys onder hierdie Verordening onder die leiding van die Raad uitvoer; en
 - (d) die jaarverslag waarna sub-artikel (1)(b) verwys, by die Luggehaltebeampte indien wat die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir Omgewingsbestuur in die Provinsie, aangewys het.
- (2) Die jaarverslag waarna verwys word in sub-artikel (1)(b) moet, onder meer die vordering van die Weskus Distriksmunisipaliteit rakende die implementering van die Luggehaltebestuursplan, insluit.
- (3) Die Luggehaltebeampte mag van die houer van 'n voorlopige lisensie vir atmosferiese vrystellings of die houer van 'n lisensie vir atmosferiese vrystellings vereis om ingevolge Artikel 48 van die Wet op Luggehalte 'n vrystellingsbeheerbeampte aan te wys.

HOOFSTUK IV

PLAASLIKE VRYSTELLINGSTANDAARDE: NORME EN STANDAARDE

Deel 1: Plaaslike vrystellingstandaarde

11. Wetlike mandaat

- (1) Die Munisipaliteit mag, deur kennisgewing -
 - (a) stowwe of mengsels van stowwe in die atmosferiese lug identifiseer wat, deur atmosferiese konsentrasies, bio-akkumulasie, storting of op enige ander wyse 'n bedreiging inhou vir gesondheid, welstand of die omgewing binne die Weskus Distriksmunisipaliteit of wat die Luggehaltebeampte redelik glo so 'n bedreiging inhou; en
 - (b) plaaslike standaarde vir vrystelling vanaf punt of nie-punt of mobiele bronne in die Weskus Distriksmunisipaliteit publiseer met betrekking tot elk van daardie stowwe of mengsels van stowwe.
- (2) Die Munisipaliteit sal die volgende faktore in ag neem wanneer plaaslike vrystellingsstandaarde vasgestel word:
 - (a) gesondheids-, veiligheids- en omgewingsbeskermingsdoelwitte;
 - (b) analitiese metodologie;
 - (c) tegniese haalbaarheid;
 - (d) moniteringsvermoë;
 - (e) maatskaplik-ekonomiese gevolge;
 - (f) ekologiese rol van brande in die oorblyfsels van plantegroei;
 - (g) die bes-uitvoerbare omgewingsopsie.
- (3) Enige persoon wat stowwe of mengsels van stowwe, soos verwys na in sub-artikel (1), vrystel, moet voldoen aan die plaaslike vrystellingstandaarde gepubliseer in terme van hierdie Verordening.

Deel 2: Norme en standaarde

12. Identifikasieproses van stowwe

- (1) Die gemagtigde persoon moet die volgende kriteria toepas wanneer stowwe in die atmosferiese lug, wat 'n bedreiging vir openbare gesondheid, welstand of die omgewing inhou, geïdentifiseer en gepreoritiseer word:
 - (a) die moontlikheid, erns en frekwensie as gevolg hiervan op menslike gesondheid en die omgewing as 'n geheel, met spesiale aandag aan onomkeerbare effekte;
 - (b) die alomteenwoordige en hoë konsentrasie van die stof in die atmosfeer;
 - (c) potensiële omgewingstransformasies en metaboliese wysigings van die stof, aangesien hierdie veranderinge kan lei tot die produksie van chemikalieë wat giftiger is of tot ander onsekerhede kan lei;
 - (d) die voortgesette voorkoms hiervan in die omgewing, veral indien die middel nie bio-afbreekbaar is nie en die vermoë het om in mense, die omgewing of voedselkettings op te hoop;
 - (e) die impak van die middel met inagneming van die volgende faktore:
 - (i) grootte van die blootgestelde bevolking, lewende hulpbronne en ekosisteme;

- (ii) die voorkoms van besonder sensitiewe ontvangers in die betrokke gebied; en
 - (f) stowwe wat gereguleer word deur internasionale konvensies.
- (2) Die gemagtigde persoon moet, deur gebruik te maak van die kriteria soos uiteengesit in sub-artikel (1), 'n lys van stowwe in die atmosferiese lug wat 'n bedreiging inhou vir openbare gesondheid, welstand en die omgewing, opstel.

13. Publikasie van plaaslike vrystellingstandaarde

- (1) Om die plaaslike vrystellingstandaarde te kan publiseer, moet die Weskus Distriksmunisipaliteit 'n konsultasieproses volg soos uiteengesit in Hoofstuk 4 van die Stelselwet.

HOOFSTUK V

GEKONTROLEERDE VRYSTELLERS

14. Installasie van gekontroleerde vrystellers. *(Om geproklameer te word wanneer die regulasie op gekontroleerde vrystellers gepromulgeer is)*

- (1) Geen persoon sal enige gekontroleerde vrysteller op enige perseel installeer, wysig, uitbrei of vervang, sonder die vooraf verkrygte skriftelike magtiging van die Munisipaliteit nie, wat slegs verskaf sal word na oorweging van die relevante planne en spesifikasies en enige toepaslike vrystellingstandaarde wat ontwikkel is vir gekontroleerde vrystellers soos bepaal in terme van Artikel 24 van die Wet op Luggehalte.
- (1) Na oorweging van die aansoek soos ingedien in terme van sub-artikel (1), moet die Munisipaliteit enersyds:
- (a) 'n aansoek toestaan en 'n magtiging uitreik onderworpe aan enige voorwaardes wat ingestel is; of andersyds
 - (b) 'n aansoek met redes weier.
- (3) Die magtiging uitgereik in terme van sub-artikel (1) moet die volgende spesifiseer:
- (a) die produknaam en model van die gekontroleerde vrysteller;
 - (b) die betrokke perseel waarop dit uitgereik is;
 - (c) die persoon aan wie dit uitgereik is;
 - (d) die periode waarvoor die magtiging uitgereik is;
 - (e) die naam van die munisipaliteit;
 - (f) die periodes wanneer die magtiging hersien moet word;
 - (g) die brandstoftipe- en gehalte;
 - (h) die maksimum toegelate hoeveelheid, grootte, vrystellingskaal of die konsentrasie van besoedelende stowwe wat in die atmosfeer uitgelaat kan word;
 - (i) enige ander bedryfsvereistes wat verband hou met atmosferiese uitlate, insluitende die meting en rapportering van vrystellings wat nie van 'n spesifieke bron vrygestel word nie; en

- (j) enige ander sake wat nodig mag wees vir die beskerming of toepassing van luggehalte.
- (4) Die Munisipaliteit moet die magtiging wat uitgereik is in terme van Artikel 14(2) hersien op gereelde tye soos gespesifiseer in die magtiging, of wanneer omstandighede 'n hersiening regverdig.
- (5) Enige gekontroleerde vrysteller wat op 'n perseel geïnstalleer, gewysig, uitgereik of vervang is in ooreenstemming met planne en spesifikasies wat ingedien en goedgekeur is vir die doeleindes van hierdie Hoofstuk by die Munisipaliteit, is veronderstel om van krag te bly totdat die teendeel bewys is en aan die bepalings in sub-artikel (1) voldoen is.
- (6) Waar enige gekontroleerde vrysteller op 'n perseel geïnstalleer, gewysig, uitgebrei of vervang is in teenstelling met sub-artikel (1), mag die Munisipaliteit, deur middel van skriftelike kennisgewing aan die eienaar of bewoner van die perseel, die verwydering van die brandstofverbrandingstoerusting vanaf die perseel gelas op die onkoste van die eienaar en operateur en binne die periode soos vermeld in die kennisgewing.
- (7) Die Munisipaliteit mag enige stappe wat nodig geag word, neem om enige skade te herstel wat veroorsaak is deur die installasie, wysigings, uitbreiding of vervanging op die perseel en om enige verdere voorvalle te verhoed, en mag sodanige redelike kostes verhaal van die persoon verantwoordelik vir die voorkoms van die skade.

(Aanvangsdatum van Artikel 14: moet geproklameer word)

15. Bedryf van gekontroleerde vrystellers

- (1) Geen persoon mag enige gekontroleerde vrysteller gebruik of bedryf in teenstelling met die magtiging waarna verwys word in Artikel 14 nie.
- (2) Waar enige gekontroleerde vrysteller op 'n perseel gebruik of bedryf is in teenstelling met sub-artikel (1), mag die Munisipaliteit deur middel van skriftelike kennisgewing aan die eienaar of okkupeerder van die perseel -
 - (a) sy of haar magtiging onder Artikel 14 herroep; en
 - (b) die verwydering van die gekontroleerde vrysteller van die perseel af gelas, op die onkoste van die eienaar en operateur binne die periode soos vermeld in die kennisgewing.
- (3) Die Munisipaliteit mag, indien die eienaar of okkupeerder van die perseel nalaat om te voldoen aan die kennisgewing waarna verwys word in sub-artikel (2), die gekontroleerde vrysteller vanaf die perseel verwyder en mag die redelike kostes aangegaan, verhaal van die eienaar of okkupeerder van sodanige perseel.

16. Monitering en toetsing

- (1) 'n Okkupeerder of eienaar van gelyste aktiwiteite, asook die operateur van gekontroleerde vrystellers, moet vrystellingsmetingstoerusting installeer en / of moet vrystellingsmonitering toepas soos en wanneer vereis deur die gemagtigde persoon, en moet -

- (a) rekord hou van alle moniterings- en toetsresultate, asook 'n afskrif van hierdie rekord vir ten minste vyf jaar na verkryging daarvan, bewaar;
- (b) wanneer sodanig versoek word deur 'n gemagtigde persoon, die rekord van die moniterings- en toetsresultate vir inspeksie beskikbaar stel; en
- (c) indien sodanig versoek word deur 'n gemagtigde persoon, 'n geskrewe verslag, of 'n deel daarvan of alle inligting in die rekord van die moniterings- en toetsresultate, in 'n formaat en teen 'n datum gespesifiseer deur die gemagtigde persoon, voorsien.

17. Stofvrystellings van gelyste aktiwiteite en gekontroleerde vrystellers

- (1) Enige persoon wat enige gelyste aktiwiteit of gekontroleerde vrysteller bedryf wat vrystellings van stof wat skadelik kan wees vir openbare gesondheid, welstand en/of 'n steuring mag veroorsaak, produseer, moet beheermaatreëls neem om die vrystellings in die atmosfeer te verhoed of te verminder.
- (2) Enige persoon wat enige gelyste aktiwiteit of gekontroleerde vrysteller wat stofvrystelling veroorsaak onderneem, moet een of meer van die volgende beheermaatreëls implementeer:
 - (i) plavei;
 - (ii) stofversagters of –onderdrukkers gebruik;
 - (iii) op eenvormige wyse enige oppervlakgruis aanwend en onderhou;
 - (iv) enige fisiese versperrings en tekens aanbring om toegang tot die versteurde areas te verbied;
 - (v) grondbedekkers gebruik;
 - (vi) plantegroei hêrvestig wat gelyksoortig is aan aangrensende onversteurde inheemse toestande; of
 - (vii) enige alternatiewe beheermaatreël wat op skrif deur die luggehaltebeampte goedgekeur is.
- (3) Die beheermaatreëls moet konsekwent wees met die bepalings van enige toepaslike wetgewing.
- (4) Enige persoon wat sub-artikel (1) oortree, pleeg 'n misdryf.

HOOFSTUK VI

VRYSTELLINGS WAT 'N ONAANGENAME REUK VEROORSAAK

18. Verbod op vrystellings wat onaangename reuke veroorsaak

- (1) Geen persoon mag, binne die regsgebied van die Weskus Distriksmunisipaliteit, enige gelyste aktiwiteit of deel van enige gelyste aktiwiteit of gekontroleerde vrysteller bedryf wat 'n onaangename reuk, wat in teenstelling is met Atmosferiese Vrystellingslisensie voorwaardes of minimum vrystellingstandaarde soos gepubliseer in terme van Artikel 21 van die Wet op Luggehalte, veroorsaak nie.
- (2) Enige persoon wat gelyste en/of gekontroleerde vrystellersaktiwiteite uitvoer wat die vrystelling van onaangename reuke wat skadelik kan wees vir openbare gesondheid en/of welstand, of wat 'n steuring kan veroorsaak wat in teenstelling met die Atmosferiese Vrystellingslisensie voorwaardes of minimum vrystellingstandaarde

- gepubliseer in terme van Artikel 21 van die Wet op Luggehalte, moet beheermaatreëls neem om onwelriekende vrystellings in die atmosfeer te verhoed.
- (3) Enige persoon wat 'n aktiwiteit onderneem waarna verwys word in sub-artikel (2), moet die nodige maatreëls soos, maar nie beperk nie tot, moniterings- en ander maatreëls soos vasgestel deur die gemagtigde persoon, implementeer om die stowwe te identifiseer wat die onaangename reuk veroorsaak.
- (4) Enige persoon wat enige aktiwiteite waarna verwys word in sub-artikel (2), onderneem, moet die nodige beheermaatreëls vir onaangename reuke implementeer, soos goedgekeur deur die lugkwaliteitbeampte of sy of haar gedelegeerde verteenwoordiger.
- (5) Indien die okkupeerder of eienaar van enige perseel vanwaar die onaangename reuk voortspruit, of waar 'n onaangename reuk bestaan, weier om die onaangename reuk te beheer of om die beheermaatreëls waarna verwys word in sub-artikel (3) te implementeer, is sy of hy skuldig aan 'n oortreding.

Kennisgewing van vermindering

19. (1) Enige gemagtigde persoon mag 'n kennisgewing van vermindering bedien aan 'n persoon van wie hy of sy tot 'n redelike mate oortuig is dat die persoon waarskynlik in teenstelling met Artikel 18 sal handel of gehandel het, en daardie persoon noop om -
- (a) die onaangename reuk binne 'n periode gespesifiseer in die kennisgewing, te verminder;
 - (b) alle nodige stappe te neem om die herhaling van die voorkoms van die onaangename reuk te voorkom; en
 - (c) te voldoen aan enige ander voorwaardes soos vervat in die kennisgewing.
- (2) 'n Kennisgewing van vermindering mag bedien word onder sub-artikel(1) -
- (a) op die eienaar van enige perseel, deur -
 - (i) dit af te lewer by die eienaar, of indien die eienaar nie opgespoor kan word nie of in die buiteland woon, die agent van die eienaar;
 - (ii) dit by wyse van geregistreerde pos te stuur na die laaste bekende adres van die eienaar of die laaste bekende adres van die agent; of
 - (iii) dit af te lewer by die adres waar die perseel geleë is, indien die adres van die eienaar of die agent onbekend is;
 - (b) op die okkupeerder van die perseel, deur -
 - (i) dit af te lewer by die okkupeerder; of
 - (ii) dit by wyse van geregistreerde pos na die okkupeerder te stuur by die adres waar die perseel geleë is.

HOOFSTUK VII

LISENSIËRING VAN GELYSSTE AKTIWITEITE

20. Instelling van Atmosferiese Vrystellinglisensie- (AVL) Stelsel

- (1) Hiermee stel die Munisipaliteit 'n Atmosferiese Vrystelling Lisensiëringstelsel in soos beoog word in Hoofstuk 5 van die Wet op Luggehalte.

21. Aansoek vir atmosferiese vrystellinglisensie (AVL)

- (1) Geen persoon mag 'n gelyste aktiwiteit, soos gepubliseer kragtens Artikel 21 van die Wet op Luggehalte, beoefen, sonder om in besit te wees van 'n atmosferiese vrystellinglisensie deur die Luggehaltebeampte uitgereik nie.
- (2) 'n Aansoek vir 'n atmosferiese vrystellinglisensie moet -
 - (a) op skrif gedoen word op die Weskus Distriksmunisipaliteit se voorgeskrewe vorm;
 - (b) vergesel wees van dokumente of inligting soos vereis mag word deur die luggehaltebeampte; en
 - (c) vergesel wees van betaling van die voorgeskrewe prosesseringsfooi soos van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel.
- (3) Alvorens 'n aansoek wat gedoen is in terme van sub-artikel (2) oorweeg word, mag die Luggehaltebeampte van die aansoeker verwag om addisionele inligting soos, maar nie beperk nie tot, 'n spesialis luggehalteimpakstudie en/of bewys van 'n openbare deelnameproses, te voorsien.
- (4) Enige persoon wat 'n gelyste aktiwiteit sonder 'n atmosferiese vrystellingslisensie beoefen, is skuldig aan 'n misdryf en is onderworpe aan die boetes soos uiteengesit in Artikel 52 van die Wet op Luggehalte.

22. Appèlproses vir atmosferiese vrystellinglisensie (AVL)

- (1) Die appèlproses soos bepaal deur Artikel 62 van die Stelselwet sal van toepassing wees.

HOOFSTUK VIII

OORTREDINGS EN BOETES

23. Oortredings en boetes

- (1) Enige persoon wat voortgaan om 'n oortreding te begaan nadat 'n kennisgewing op hom bedien is, of wat nalaat om sodanige oortreding te staak nadat hy skuldig bevind is aan sodanige oortreding, is skuldig aan 'n voortgesette oortreding.
- (2) Enige persoon wat-
 - (a) enige bepalings van hierdie Verordening, voorwaarde of beperking oortree, of nalaat om daaraan te voldoen; of
 - (b) enige bevel hieronder uitgereik of enige kennisgewing bedien in verband hiermee, oortree of weier om daaraan te voldoen; of
 - (c) 'n vals verklaring aflê, of vals of misleidende inligting verskaf, wetende dat dit vals of misleidend is; is skuldig aan 'n oortreding en aanspreeklik vir 'n-
 - (i) boete of aanhouding, of vir die boete sowel as die aanhouding; en

- (ii) in geval van 'n voortgesette oortreding, 'n bykomende boete of 'n bykomende periode van aanhouding vir elke dag waarop sodanige oortreding voortgesit is; en
 - (iii) 'n verdere bedrag gelykstaande aan enige koste en uitgawes deur die hof bevind as aangegaan deur die Munisipaliteit as gevolg van sodanige oortreding of nalating.
- (3) Bykomend tot die oplegging van 'n boete of aanhouding, mag 'n hof enige persoon wat skuldig bevind is aan 'n oortreding onder hierdie Verordening, beveel om-
 - (a) die skade wat aangerig is te herstel;
 - (b) skadevergoeding te betaal vir skade veroorsaak aan 'n ander persoon of aan eiendom, welke bevel gelykstaande sal wees aan 'n siviele uitspraak; en
 - (c) op die persoon se eie koste vrystellingmetingsinstrumente soos uiteengesit in Artikel 16, te installeer en bedryf.
- (4) Bykomend tot enige ander straf wat die hof mag oplê, mag die hof 'n persoon wat skuldig bevind is aan 'n oortreding onder hierdie Verordening, beveel om sodanige stappe te neem wat die hof nodig mag ag binne 'n periode soos vasgestel deur die hof, om die herhaling van so 'n oortreding te voorkom.

HOOFSTUK IX

ALGEMENE SAKE

24. Nakomingsmonitering

- (1) Vir die doeleindes van nakomingsmonitering, moet die aangewese omgewingsbestuurinspekteurs die magte uitoefen soos uiteengesit in Artikel 31G tot 31L van die NOBW.
- (2) Die gemagtigde persoon / omgewingsbestuurinspekteurs mag van enige besoedelaar wat beduidend bydra of waarskynlik sal bydra tot swak luggehalte, verwag om die omringende lug en punt of nie-punt bronne te monitor en om enige ander verwante luggehaltetestudie, -programme of -verslae wat deur 'n erkende en bevoegde derde party opgestel word, op die onkoste van die besoedelaar te verskaf.

25. Toepassing

- (1) Die gemagtigde persoon moet alle wetlike, nodige en redelik uitvoerbare stappe neem om die bepalings van hierdie Verordening toe te pas.
- (2) Die Weskus Distriksmunisipaliteit mag wetstoepassingsprosedures ontwikkel met inagneming van enige nasionale of provinsiale wetstoepassingsprosedures.
- (3) Die Munisipaliteit mag, in enige geval waar dit blyk dat enige aksie of nalatigheid deur enige persoon of eienaar van 'n eiendom gelei het tot 'n oortreding van die bepalings van hierdie Verordening, skriftelike kennisgewing aan sodanige persoon of eienaar

van die eiendom bedien om te voldoen aan sodanige vereistes as wat die Munisipaliteit nodig mag ag om die herhaling of voorkoms van so 'n oortreding te voorkom.

26. Erkenningsprogramme

- (1) 'n Luggehaltebeampte mag 'n program vir openbare erkenning van beduidende prestasies op die gebied van besoedelingsvoorkoming instel.

27. Samewerking tussen munisipaliteite

- (1) In 'n poging om optimale dienslewering in terme van hierdie Verordening te verkry, mag die Raad enige geskrewe ooreenkomste met enige persoon, instelling van die staat of organisasie waarmee wetlike en uitvoerende magte gedeel word, in die volgende gevalle aangaan-
 - (a) die praktiese reëlins met betrekking tot die uitvoering van die bepalings van hierdie Verordening;
 - (b) die verhaling van kostes en uitgawes wat verband hou met enige aksie kragtens hierdie Verordening;
 - (c) enige ander saak wat deur die partye as nodig beskou word om optimale dienslewering kragtens hierdie Verordening te bereik.
- (2) Die Munisipaliteit moet die effektiwiteit van enige ooreenkoms wat aangegaan is in terme van sub-artikel (1) monitor vir die bereiking van die doelwitte waarvoor dit aangegaan is, en kan die ooreenkoms kanselleer nadat redelike kennis aan die ander party gegee is, indien die Munisipaliteit rede het om te glo dat die ooreenkoms oneffektief is, of die bereiking van die doelwitte van hierdie Verordening, kortwiek.

28. Appèlle

- (1) Enige persoon mag appèlleer teen 'n besluit wat geneem is deur 'n gemagtigde persoon onder hierdie Verordening, deur skriftelike kennisgewing van die appèl in ooreenstemming met die bepalings van Artikel 62 van die Stelselwet te gee.

29. Vrystellings

- (1) Enige persoon mag, op skrif, by die Munisipaliteit aansoek doen vir die vrystelling van 'n bepaling van hierdie Verordening.
- (2) 'n Aansoek in terme van sub-artikel (1) moet vergesel wees van substantiewe redes.
- (3) Die Munisipaliteit mag van 'n aansoeker wat aansoek doen vir vrystelling, verwag om toepaslike stappe te neem om die aansoek onder die aandag van relevante belanghebbende persone en die publiek te bring.
- (4) Die stappe wat in sub-artikel (3) oorweeg word, mag insluit die publikasie van 'n kennisgewing in ten minste twee koerante, een wat provinsiaal sirkuleer en een wat binne die regsgebied van die Weskus Distriksmunisipaliteit sirkuleer; en
 - (a) wat redes vir die aansoek verskaf; en

- (b) wat ook ander besonderhede betreffende die aansoek uiteensit, soos wat die luggehaltebeampte mag vereis.
- (5) Die Munisipaliteit mag -
